

Leef uit jou Doop: 4.3 Eers geloof, dan doop

Leef uit jou Doop: 4.3 Eers geloof, dan doop – Adrio König

4.3 Eers geloof, dan doop

Die teenstanders van die kinderdoop grond hulle argumente baie sterk op die Bybel. En dit is sonder meer duidelik dat daar 'n bepaalde volgorde in die Nuwe Testament is: eers geloof en dan doop. Dit word in elke doopgeval duidelik gestel of geïmpliseer dat mense eers geglo het en toe gedoop is.

En daar is uitsprake wat dit onomwonde stel: “Elkeen wat glo en gedoop word, sal gered word” (Mark 16:16, NLV). Ook in die sendingbevel is die volgorde duidelik: Eers “maak dissipels”, dan “doop hulle” (Matt 28:19). En die 1953-vertaling het nog Handeling 8:37 in gehad wat uit moderne vertalings weggelaat word met die argument dat dit 'n latere invoeging is. Dit is deel van die gesprek tussen Filippus en die staatsamptenaar uit Etiopië. Daar het uitdruklik gestaan: “Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit (die doop) geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus die Seun van God is.”

Hierdie mense neem ook aanstoot teen allerlei kwinkslae om duidelike sake in die Bybel onder die mat in te vee. Dink maar aan Markus 16:16: “Wie tot geloof gekom het en gedoop is.”

Hulle verwys selfs graag na die ou Statenvertaling: “Die geloof zal hebben, en gedoopt zal zijn, zal zalig worden.”

Die argument word dan gebruik dat ons hier geen volgorde het nie, net die twee sake wat nodig is: geloof en doop. Marais het hom indertyd sterk op die spesifieke vorm van die Griekse werkwoorde

(aoristus) beroep en daaruit afgelei dat daar geen volgorde aangedui is nie sodat die doop ook in die praktyk voor die geloof sou kon kom. Sy gevolgtrekking was eenvoudig: “Daarmee is dit nie meer moontlik om die kinderdoop eksegeties te stuit of as onwaarskynlik af te wys nie” (aw 83).

Ook Handeling 2:28 is só benader. Ook hier is die werkwoorde vir “bekeer” en “gedoop word” in die aoristus wat dan sou beteken dat die volgorde ook omgekeer sou kon word en mense eers gedoop word en hulle daarna bekeer.

Sulke argumente hou nie water nie. Niemand sal dit toepas op volwassenes nie. Niemand gaan heidene doop en dan hoop hulle hoor later die evangelie en kom tot geloof nie. Dis duidelik net 'n argument om die kinderdoop te probeer red.



Mens wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike doop. Leef uit jou Doop (2011) deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n betrokke en uitdagende verduideliking bied van die doop.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Prof Adrio König](#)

Leef uit jou Doop: 4.2 Die hoë betekenis van die doop en

kinderdoop?

Leef uit jou Doop: 4.2 Die hoë betekenis van die doop en kinderdoop? – Adrio König

4.2 Die hoë betekenis van die doop en kinderdoop?

Dit is goed moontlik dat die groepe wat die kinderdoop verwerp, ook die groot saak waaroor dit gaan in hierdie boek wat jy in jou hand het, téén die kinderdoop sal gebruik, en hierdie boek sal beskou as 'n groot en sterk argument téén die kinderdoop.

Immers hoe onder die son kan die kinderdoop by hierdie hoë betekenis van die doop inpas? Dit gaan in die doop om vergifnis en reiniging van sonde, om vereniging met Christus, om 'n nuwe lewe. Dit pas mos nie by babas nie. Hoe kan hulle sonde vergewe word? Hoe kan hulle met Christus verenig word? Hoe kan hulle saam met Christus sterf, begrawe word en opstaan? Hoe kan hulle 'n nuwe lewe kry?

Is dit nie eenvoudig waar dat die hele betekenisrykdom van die doop asof uit een mond teen die kinderdoop getuig nie? Gaan dit nie klaarblyklik in die betekenis van die doop om mense wat self kan glo, om mense wat self besluite kan neem, om mense wat 'n eie bewuste lewe lei nie? En is dit dan nie byna vanselfsprekend dat daar geen verwysing na kinderdoop in die Nuwe Testament is nie?



Mens wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike doop. Leef uit jou Doop (2011) deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n betrokke en uitdagende verduideliking bied van die doop.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: Prof Adrio König

Leef uit jou Doop: 4.1 Geen kinderdoop in die Bybel nie

Leef uit jou Doop: 4.1 Geen kinderdoop in die Bybel nie

4.1 Geen kinderdoop in die Bybel nie

In die vorige hoofstuk het ons gekyk na die rykdom van die doop in die Nuwe Testament. Indien die kinderdoop 'n aanvaarbare vorm van die Christelike doop is, moet dit voortvloei uit die betekenis wat ons uit die Nuwe Testament gekry het. Ons kan nie ander teologiese beginsels vir die kinderdoop gebruik as vir die grootdoop nie.

Daar is groot groepe Christene wat hard en duidelik Nee sê vir die kinderdoop. Dink maar aan omtrent die hele Pinksterwêreld, die Baptiste, en 'n groot deel van die Charismatiese beweging. En hulle het baie sterk argumente om hierdie standpunt te steun. Alhoewel my eie simpatie duidelik by die aanvaarding van die kinderdoop lê, gaan ek in hierdie hoofstuk die taal gebruik van dié wat die kinderdoop verwerp, om te probeer om hulle argumente só te stel soos hulle graag sou wou.

Die eerste argument is dat daar geen verwysing na die kinderdoop in die Bybel is nie. Die voorbeelde wat soms wel aangehaal word, soos die gesinsdope, is nie aanvaarbaar nie omdat daar geen getuienis is dat daar wel babas in dié gesinne was nie. Trouens wat wel van hierdie gesinne geskryf word, dui eerder in die rigting dat daar inderdaad geen kindertjies was nie. Ons lees die woord is aan hierdie mense verkondig, hulle het geglo, en hulle was bly – alles dinge wat nie van babas geld nie

(Hand 16:32, 34).

Hier word verder graag verwys na allerlei vreemde argumente om tog kinderdoop in die Bybel te probeer kry. Indertyd het Willie Marais 'n boekie oor die kinderdoop geskryf waarin hy op vreemde maniere die kinderdoop probeer "red" het. Hy het byvoorbeeld selfs in Jesus se sendingbevel kinders probeer kry. Hy gebruik twee

argumente. Die eerste een is dat die Grieks wys dat daar geen volgorde hoef te wees tussen dissipelsmaak aan die een kant, en doop en leer aan die ander kant nie. Mense sou dus ook eers gedoop kon word, en daarna geleer word, wat ruimte laat vir die kinderdoop. En die tweede argument is dat dit om “nasies” gaan, en nasies het tog babas. Hulle moet dus ook gedoop en geleer word. Sy gevolgtrekking is dan: “Matteus 28:19 bevestig daarom die vanselfsprekende vermoede dat ook suigeling van die begin af gedoop is” (*Die kinderdoop en besprinkeling*, p 79).

FP Möller het destyds die onhoudbaarheid en selfs onwaardigheid van sulke argumente aangetoon (*Die sakrament in gedrang*, p 72 ev). Daar is ’n gedrongenheid in om iets te probeer sê wat daar eenvoudig nie staan nie. Dit is klassieke voorbeelde van die soort stryd waarna vroeër verwys is (1.3).

Die waarheid is dat daar geen duidelike verwysings na die kinderdoop in die Bybel is nie. En dit is tog vreemd. Die laaste boeke van die Nuwe Testament is waarskynlik baie na aan die einde van die eerste eeu geskryf. Dit is omtrent 70 jaar na Pinkster. Die dissipels was toe al omtrent almal dood. Dit was al die derde en vierde geslag na Christus. Kan ’n mens nie verwag daar moes toe al ’n verwysing na die kinderdoop gewees het as daar toe al kinderdoop was nie?

Kan ’n mens regtig met so ’n belangrike gebruik aangaan sonder enige noemenswaardige steun in die Bybel? Die Bybel is tog ons maatstaf en rigsgnoer.



Mens wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike doop. Leef uit jou Doop (2011) deur prof Adrio König is ’n baie nuttige naslaanwerk wat ’n betrokke en uitdagende verduideliking bied van die doop.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: Prof Adrio König

Leef uit jou Doop: 3.7 Kom ons kyk terug

Leef uit jou Doop: 3.7 Kom ons kyk terug – Adrio König

3.7 Kom ons kyk terug

Ons sou nog die verband tussen die doop en die etiek (ons nuwe lewe) kon ondersoek, maar ons het so duidelik aandag daaraan gegee toe ons na Romeine 6 en veral Kolossense 2-4 gekyk het, dat ons maar net weer na daardie behandelings kan gaan kyk. In Kolossense bou Paulus ons hele nuwe lewe op ons doop, of liever op ons vereniging met Christus wat God deur die doop (en die geloof) aan ons gee.

Dit geld nie net dele soos Kolossense waar die doop spesifiek genoem word nie. Ons het vroeër al daarop gelet dat dit soms net die geloof is wat genoem word, maar dat die doop dan veronderstel word. Dink maar net aan Efesiërs 2:4-7 waar die doop ongetwyfeld veronderstel word. Daarop is dan weer ons hele lewe gebou (2:8 tot die einde). En ook Galasiërs 2:19-20 waar ook net die geloof genoem word, maar waar ons kruisiging en opstanding saam met Christus duidelik die doop veronderstel (Rom 6; Kol 2). Dit is duidelik dat Paulus se hele argument dat ons net op Christus kan vertrou vir ons redding, ook op die doop gebou is. Omdat God ons deur die doop met Hom verenig het, hoef ons nie naas Hom ander hulp te soek nie.

As ons nou terugkyk na die betekenis van die doop (hoofstuk 2) en die verskillende verbande waarin die doop voorkom (hoofstuk 3), is dit duidelik dat dit nie losstaande sake is wat geen verband met mekaar het nie. Dit is dinge wat op 'n merkwaardige manier onderling aan mekaar verbind is. Kom ons kyk eers na die verbande. Hulle vorm saam 'n geïntegreerde eenheid.


- ♦ Tussen die werk van Christus en die doop, die geloof en die woord is daar direkte verband.
- ♦ Tussen die doop en aspekte uit die Ou Testament soos die versoeningsoffers en die besnydenis is daar verbande.
- ♦ Tussen die doop, die woord en die geloof aan die een kant, en ons nuwe lewe aan

die ander kant, is daar sterk verband.

♦ Tussen ons verbondenheid aan Christus en ons nuwe lewe is daar die allernouste verband. *Hy* is ons nuwe lewe!

Kom ons kyk ook na die betekenis van die doop: vereniging met Christus, inlywing in sy liggaam, die gemeente, inlywing in die verbond, vergifnis en reiniging van sonde, ontvangs van die Gees en die nuwe lewe, afkondiging van die gesag van God oor ons lewe.

Dit is eenvoudige aspekte van een groot saak: hoe ons aan die heil deel kry. Dis interessant om van hier af nou na die Bybel as 'n geheel te kyk. Ek het onlangs 'n boek gepubliseer: *Alle paaie lei na Jesus* (CUM, 2010). Die subtitel is: *Hoe die groot temas van die Bybel op Jesus uitloop*. Hier het dieselfde verskynsel na vore gekom. Die Bybel is nie 'n klomp loshangende, onsamehangende sake nie, maar die groot en belangrike sake is op merkwaardige maniere onderling aan mekaar verbind. Dit is nie waar dat 'n mens maar net alles as los eenhede bymekaar moet tel nie. Daar is samehang en geïntegreerdheid in die Bybel. Dis merkwaardig omdat die boeke oor eeue geleidelik ontstaan het, en daar nie iemand was wat aan die begin alles eers mooi beplan en in gedeeltes het nie. Mense het in totaal verskillende situasies geroepe gevoel om in die Naam van die Here te getuig van wat hulle ervaar het. Maar omdat alles met dieselfde Bron verband gehou het, staan die groot temas van die Bybel onderling in bepaalde verbande, en loop op Jesus uit.



Mens wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike doop. Leef uit jou Doop (2011) deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n betrokke en uitdagende verduideliking bied van die doop.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: Prof Adrio König